SWAARMOTORVOERTUIG VOORRIT INSPEKSIE:

KODE 10 Buite inspeksie:

Nadering van voertuig:

1. Daar is geen lekkasies of obstruksies onder die voertuig.
2. Die water, olie, remvloeistof en waaierband is nagegaan.
3. Hierdie deur kan van binne en buite oopmaak en die venster kan op en af draai.
4. Die spieël is skoon en onbeskadig.
5. Die loopvlak van die band is reg.
6. Die sywand van die band is onbeskadig.
7. Die banddruk is korrek.
8. Die wielmoere het ek nagegaan.
9. Die stofdoppie is op.
10. Die hele voorruit is skoon en onbeskadig
11. Beide ruitveërs is onbeskadig.(lig ruitveërs op)
12. Alle hoofligte, parkeerligte, flikkerligte is skoon en onbeskadig.
13. Die spieël is skoon en onbeskadig
14. Hierdie wiel sal ek dieselfde nagaan as regs voor.
15. Hierdie deur sal ek dieselfde nagaan as regs voor.
16. Die kantelkajuit se sluitmeganisme is nagegaan
17. Die syvalkant is stewig vas.
18. Die brandstoftenk is stewig vas met geen lekkasies.
19. Die brandstoftenk het 'n brandstofdop op.
20. Hierdie wiele sal ek dieselfde nagaan as regs voor.
21. Daar is geen voorwerpe tussen die wiele nie.
22. Die agtervalkant is stewig vas.
23. Die chevron is stewig vas, skoon en onbeskadig.
24. Hierdie agterligte is skoon en onbeskadig.
25. Die spaarwiel sal ek dieselfde nagaan as regs voor.
26. Hierdie wiele sal ek dieselfde nagaan as regs voor.
27. Daar is geen voorwerpe tussen die wiele nie.
28. Die battery is stewig vas.
29. Die lugreservoir is nagagaan.
30. Alle reflektor tapes is skoon en onbeskadig.

10 Binne inspeksie:

1. Al die deure is toe.
2. Die handrem is op.
3. Voertuig is in neutral.
4. Daar is geen obstruksies by my voete.
5. My sitplek is reggestel.
6. Die spieëls is reggestel.

"ELKE INDUSTRIE HET 'N LEIER"

Anton & Tanya
BESTUURSKOOL / DRIVING SCHOOL

021-976-9877

Die volgende sal nagegaan word vir werking:

1. Seine (flikkerligte)
2. Parkeerligte en hoofligte
3. Ruitveërs
4. Toeter
5. Stopligte en agterligte

Sodra die toetsbeampte sittend in die voertuig is, moet applikant hom vra of sy deur behoorlik toe is en moet die applikant ook noem dat sy eie deur ook toe is.

PARKERING IN

PARKEERREM AAN - NEUTRAAL
SPIEËL - SPIEËL - BLINDEKOL (oor skouer) - SEIN
RAT – PLAAS HAND OP PARKEERREM
KOPPELAARBEHEER
VOLLE OBSERVASIE (BLINDEKOL (oor skouer) – SPIEËL – SPIEËL – BLINDEKOL (oor skouer))
(BEGIN VANAF TEENOORGESTELDE KANT)
TREK WEG (terwyl jy spieëls nagaan)
TEENOORGESTELDE BLINDEKOL (oor skouer) VOOR JY INDRAAI
STOP IN AFGEMERKTE BLOK
PARKEERREM AAN
NEUTRAAL

PARKERING UIT

SPIEËL – SPIEËL – BLINDEKOL (oor skouer) - SEIN
RAT – PLAAS HAND OP PARKEERREM
KOPPELAARBEHEER
VOLLE OBSERVASIE (BLINDEKOL (oor skouer) – SPIEËL – SPIEËL – BLINDEKOL (oor skouer))
(VANAF TEENOORGESTELDE KANT)
BEWEEG UIT (terwyl jy spieëls nagaan)

AANSITPROSEDURE
(DIREK NA WERFTOETS EN VOOR PADTOETS)

1. Verseker dat parkeerrem aan is.
2. Verseker dat rat in neutraal is.
3. Verseker dat geen meters in werking is nie.
4. Draai sleutel na die "aan" posisie.
5. Gaan werking van waarskuwingsligte en meters na.
6. Stel smoorklep (choke) in werking (indien nodig) of verseker dat die smoorklep nie in werking is nie.
7. Draai sleutel en skakel engin aan.
7. Gaan waarskuwingsligte en meters na vir werking.
9. Trap rempedaal om korrekte remdruk te verseker.

Leerlinglisensie Klasse beskikbaar – ALLE KODES
Bestuurslesse KODE 08 (handrat & outomaties) ook beskikbaar!